
Afrikaans Vraestel 6 | Mei Eksamen | Graad 4
Punte 40 | Tyd: 30 min




**Vraag 1**

Skryf die *meervoud* van die woorde:

| | | | |
|---|---|---|---|
| blaar | ____________________ | spinnerak | ____________________ |
| pop | ____________________ | maaltyd | ____________________ |
| kiek | ____________________ | draad | ____________________ |
| orgaan | ____________________ | valdeur | ____________________ |
| stad | ____________________ | nes | ____________________ |

(10)

**Vraag 2**

Verdeel die volgende in *lettergrepe* en sê of dit *oop* of *geslote* is:

geopereer ____________________

spieël ____________________

seeperdjie ____________________

vinger ____________________

voertuie ____________________

varksoê ____________________

(6)

**Vraag 3**

Rangskik die volgende vanne in *alfabetiese volgorde*:

Meyer, Sepato, Visagie, Maré, Potgieter, Van Rensburg, Burger, Smit, Nel, Duncker

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | ____________________ | 3.6 | ____________________ |
| 3.2 | ____________________ | 3.7 | ____________________ |
| 3.3 | ____________________ | 3.8 | ____________________ |
| 3.4 | ____________________ | 3.9 | ____________________ |
| 3.5 | ____________________ | 3.10 | ____________________ |

**Vraag 4**

Skryf die <u>hoofletters</u> neer waar nodig:

Die tweeling pieter en susan hou daarvan om sondae kerk toe te gaan, pappa is op die kerkraad en mamma sing in die koor. Tannie van tonder bederf hulle met koekies en die oom hou daarvan om die huisgenoot te lees. Hulle gaan soms na wawielpark en swem dan lekker, maar die lekkerste is as hulle durban toe gaan. Hulle hondjie snoekie en voëltjie pollie moet altyd saam. (5)

**Vraag 5**

Onderstreep die *<u>selfstandige naamwoorde</u>* in die sinne:

Die seun ry met sy fiets na die Spar. Hy jaag die hond, lui sy klokkie en gee hom 'n been. Hy eet graag roomys en drink koeldrank.



**Vraag 6**

Lees die gedig en beantwoord die vrae:

**<u>Trieng-e-ling</u>**
(Vir Maryke by die foon)

Trieng-e-ling! Trieng-e-ling!
Is iemand by die deur?
Trieng-e-ling! Trieng-e-ling!
Dis die telefoon al weer!
Wag nou, man! Ek kom, ek kom!
'n Mens kan mos nie vlieg nie, jong.
Trieng-e-ling! Trieng-e-ling!
(Hou nou op met kriewel, Tou!)
Ja, Hallo? ... Dis eke … Nee,
Mamma's uit. Sy kom nou-nou…
Ja, dit is ses, nul twee.
Of miskien is dit nul twee.
Tannie? Ja? 'Seblief, wie praat? ...
Ek's my ma se dogtertjie …
Dankie, goed. Met tannie ook.
O, dis tannie De Viljee!
Mamma drink net elfuur-tee,
Daar by tannie pastorie …
Natuurlik kan ek mooi onthou.
Ek's dan lank vergeet al ses!
Ek sal haar sê … Tot siens, mevrou …
Haai hoe dink jy, telefoon,
Kan Ma sonder ons twee woon?

1. Watter twee dinge lui trieng-e-ling? ______________________________________
2. Wat het die dogtertjie gedink is dit toe sy trieng-e-ling gehoor het?

   ______________________________________________________________________
3. Wat het trieng-e-ling gemaak? __________________________________________
4. Watter tou het gekriewel? _____________________________________________
5. Het die tannie gesê wat haar naam is? __________________________________
6. Het die dogtertjie haar nommer geken? _________________________________
7. Met wie het die dogtertjie gepraat? _____________________________________
8. Hoe oud is die dogtertjie? _____________________________________________
9. Sonder wie sal Ma swaar kry? __________________________________________
10. Wat is die dogtertjie se naam? ________________________________________ (10)

**TOTAAL 40**